

◀ vaar nóg beter as die gemiddelde bees in 'n voerkraal en waardetoevoeging van tot 21% is al behaal.

Nelius sê “die slegste ding” wat met die beesbedryf kon gebeur het, is die oordrewe waarde wat aan speengewig geheg word. In die natuur is die speengewig laer as wat dit met vandag se presisieboerdery in beesboerdery moontlik is. Toe kom die mens en begin om die beste beter voeding te gee met 'n beter lekprogram, mineraalaanvullings, beter weidingbestuur en optimale voervloei. Voorkeur word verder gegee aan diere wat vinniger groei. Dit alles verhoog die boerderyrisiko's, want vir elke swaarder speenbultkalf is daar 'n swaar verskalf wat weer 'n té groot koei kan word, wat slegs met 'n hoë voedingpeil 'n bogemiddelde prestasie kan handhaaf.

Dus is die gevaar dat 'n boer diere begin teel wat nie meer in balans met die natuur is nie. 'n Boer kom dit vinnig agter wanneer hy sy eie vervangingsverse teel.

'LAAT JOU LEI DEUR DIE VELD'

Boere behoort hulle méér deur hul veld se beperkings te laat lei. By Nelius is die suurveld die beperkende faktor, asook die tipe koeie wat hulle teel.

Sy omgewing is uit en uit suurveld, met 'n hoë reënval van gemiddeld 680 mm per jaar en 'n hoogte bo seevlak wat van 1 625 m tot 1 885 m wissel. Hoe hoër, hoe suurder is die veld. “Dit bied besondere probleme. Die groeityd is baie kort; eintlik net drie maande. Die res van die tyd moet jy planne beraam om sukses te behaal.”

Die speenkalwers wat Nelius teel, sal byvoorbeeld in Vryburg met sy warmer klimaat en soetveld heelwat swaarder speen.

“Die meeste rasse het myns insiens hul plafon bereik wat die grootte van die speenkalwers en tussenkalfperiode (TKP) betref. Wat nou belangrik is, is om geneties meerderwaardige, aangepaste koeie te teel wat gereeld kalf. Kies bulle wat 'n groot kans het om daardie soort nageslag te teel. Daar is ook nie sóveel verskil tussen die magiese TKP van 365 dae en 'n koei wat 'n TKP van 'net' 390 dae het nie; solank sy net gereeld kalf.

“Die TKP is baie bestuursafhanklik, byvoorbeeld as die boer 'n KI-program het, kan die TKP met 'n siklus aanskuif, terwyl uiterste weerstoestande dit ook beïnvloed. Met die laaste droogte het ons kalfsiklus aangeskuif weens die hoë hitte wat vir lang tydperke geheers het. Dit sal die TKP nadelig beïnvloed,” sê Nelius.

Mik eerder na 'n goeie, gemiddelde kudde wat in balans is as om jou die hele tyd op voortrefflike, individuele diere toe te spits. Moenie te veel op een eienskap of lyn kon-



'n Mooi, jong gebruiksbul. Hul fokus is eerder op 'n goeie, gemiddelde kudde wat in balans is, as op voortrefflike, individuele diere. FOTO: NELIUS FERREIRA



Die boerdery het sy eie voerkraal op die plaas waar beste afgerond word nadat hulle op die veld aangepas is. Dit verhoog hul wins met ruim 15%. FOTO: NELIUS FERREIRA

sentreer nie; eerder op 'n groep diere, “dan sal jy sukses behaal”.

Dit is nie dat Nelius en sy familie nié ook op lyne konsentreer nie. Dit is wel nodig om die regte lyn vir die betrokke omgewing en toestande te selekteer. Dan kan 'n beesboer teelvordering behaal.

Gevolgtlik konsentreer hy daarop om koeie met die vyf belangrikste, ekonomiese eienskappe te teel. Dit is ook die rede hoekom hulle met Bonsmaras boer, want dié ras word deur die betrokke eienskappe gekenmerk wat aan die ras goeie balans gee.

Die eienskappe is:

- Vrughaarheid – 'n koei se fenotipiese vermoë om elke jaar 'n kalf te lewer.
- Aanpasbaarheid (veldhouvermoë) – wat met die laagste inset die hoogste uitset gee.
- Groei (op die veld en in die voerkraal) – jong diere wat goeie groei toon, is 'n teken

BONSMARAS VERF PARYS ROOI

Bonsmara SA hou op 14 Maart sy Rooi Ras-geleentheid en nasionale vroulike-dier-veiling in die Afridome op Parys.

Mnr. Louis Steyl, rasadviseur van Bonsmara SA, sê dié dag is die ideale geleentheid waar boere na van die beste kenners in die beesbedryf kan luister.

Mnr. Jan de Jong, senior interrasbeoordelaar en senior karkasbeoordelaar, praat onder meer oor moderne neigings in beesteling.

Die genootskap se nasionale veiling van vroulike diere word ná dié Rooi Ras-geleentheid aangebied.

“Dit is 'n geleentheid vir alle kommersiële en stoetboere om top-vroulike diere in alle produksiestadiums te bekom. Meer as 50 vroulike diere van 23 telers word aangebied. Dit is veral 'n geleentheid vir nuwe toetreders tot die mark om teelmateriaal uit talle topkuddes op een plek te kan koop,” sê Louis.

Dié Rooi Ras-geleentheid, wat R220 per persoon kos, begin om 08:30 en die veiling, wat gratis is om by te woon, begin om 12:00.

NAVRAE: Bonsmara SA, tel. 051 448 6084; e-pos: info@bonsmara.co.za.

van aanpasbaarheid.

- Voeromsetting – waar die dier minder kos (veld of voerkraalrantsoen) moet vreet om meer vleis aan te sit.
- Konformasie (bouvorm) – hoe beter die bouvorm, hoe meer vleis!

Nelius sê buiten vrughaarheid is nie een van die ander eienskappe juis belangriker as die ander nie, maar 'n koei moet oor minstens drie van daardie eienskappe beskik om sukses en wins vir die eienaar te verseker.

In sulke toestande is 'n goeie wei- en kampstelsel en goeie voervloei onontbeerlik.

Die Ferreiras se beste is normaalweg vanaf middel Oktober op die natuurlike veldweiding, hoewel die laaste vyf jaar nie